

Ds. A. W. C. Bester
Vanrhynsdorp
21 Mei 1978

Onderwerp: Bediening van die Heilige Gees
Pinksterdiens 8

Lees: 2 Korinthiërs 2 vers 14 tot 3 vers 18

Teks: 2 Korinthiërs 2 vers 14 tot 3 vers 18

Sing: Psalm 68 vers 9
Gesang 66 verse 1 en 6

“Broers en Susters, vanaand gaan dit oor die heerlike bediening van die Heilige Gees. In hoofstuk 2 vers 14 begin die Apostel met die bekende beeld van die triomftog: ‘Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus ...’.

“Triomfeer is om triomftog te hou. Dit was ’n Romeinse gebruik. Wanneer ’n opstand iewers in die Romeinse ryk onderdruk is, het die generaal die leier van die opstand gevange geneem. Die ideaal was om die opstandige lewend terug te bring na Rome.

“Wanneer die generaal voor die stadpoort gekom het, het hy sy triomftog opgestel. Vooraan was die generaal op sy strydwa en agter hom sy soldate. Die opstandige leier is as teken van vernedering, nakend aan die generaal se oorlogswa geketting en moes saamdraf op die triomftog deur die strate van Rome.

“Bodes het vooraf reukwerk met ’n sterk deurdringende reuk langs die strate aangesteek om die triomftog aan te kondig. Hierdie geur het eintlik beteken: stroom na die strate om die generaal te verwelkom.

“En nou beskryf Paulus God se triomf oor Satan. Jesus Christus het Satan se opstand in God se ryk verbrysel. Hy het deur sy aardse optrede, sy kruisiging en opstanding die mag van die Duiwel verbreek. Hy het die Duiwel gevange geneem en hom aan God se triomfwa gebind.

“Paulus sê hy laat hom meevoer in hierdie triomftog as bode, om vooraf die reukwerk aan te steek wat die kennis en eer van God en Jesus Christus versprei.

“Dit is aangrypend dat Paulus hier in die tweede deel van vers 15 die ganse mensdom in twee groepe

verdeel: dié wat gered word en dié wat verlore gaan. En dit is waar vir elke mens: óf die een, óf die ander.

“Broers en Susters, waar staan u? Is u onder dié wat gered word, óf dié wat verlore gaan?

“Hier staan eintlik in Grieks: die wat besig is om verlore te gaan. As u vanaand nog nie u lewe aan Jesus Christus oorgegee het nie, is u vanaand besig om verlore te gaan.

“Vir dié wat verlore gaan, is die Evangelie ’n reuk tot die dood. (2 Kor 2:16) Dit staan hier in die intensiewe vorm, met ander woorde ’n dodelike geur. Maar vir dié wat gered word, is die Evangelie ’n reuk tot die lewe.

“Broers en Susters, dit is aangrypend en ontstellend dat die Evangelie so ’n dubbele uitwerking het. Dat die Evangelie nie net mense red nie, maar ook mense verlore laat gaan.

“Het God die mensdom in twee verdeel en besluit dat Hy die een helfte red en die ander helfte verlore laat gaan?

“Nee, Broers en Susters, die Evangelie is ’n aangename geur van Jesus Christus (2 Kor 2:15) waardeur God die wêreld wil red: ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.’ (Joh 3:16, 17)

“As die Evangelie ’n dodelike geur vir party mense is, dan is dit nie die Evangelie se skuld nie. Dit is die mens se eie skuld. Hy wil die blye nuus nie glo nie. Dit is sy eie skuld dat hy in een of ander sonde vasgevang sit en hom nie wil bekeer nie; nie kans sien om met die ou lewe te breek nie.

“Niemand sal in die Ewigheid vir die HERE kan sê: HERE maar u het my nie uitverkies nie, daarom het ek verlore gegaan.

“Broers en Susters, dit is ú skuld as die Evangelie vir u ’n dodelike geur is.

Dit is ’n geweldige taak om hierdie boodskap te verkondig, waardeur mense verlore gaan as hulle dit nie aanneem nie. Daarom vra Paulus aan die einde van vers 16: ‘En wie is tot hierdie dinge bekwaam?’

“Dit is asof hy skrik. Dit is asof hy huiwer voor só ’n taak, om so ’n allesbeslissende boodskap in die wêreld te verkondig. Wie sal dit suiwer doen? Wie sal dit goed doen? Is daar êrens iemand wat kan?

“Hier bied Paulus hom aan as iemand wat inderdaad in staat is om die boodskap te verkondig. Waarom? Want ons spreek ‘uit opregtheid ... uit God, in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus.’ (2 Kor 2:17) Dit beteken eintlik op gesag van God. En ons spreek in Christus, met ander woorde ons leef in gemeenskap met Hom, daarom is ons verkondiging van die Evangelie suiwer.

“Nou kan u natuurlik besef dat die mense in die gemeente van Korinthe, wat verbitterd was teenoor Paulus, onmiddelik sou gesê het: Ja Paulus, maar waar is jou bewyse dat juis jý die Evangelie suiwer preek?

“Die Apostel antwoord: julle is my bewyse! Hy skryf: ‘Begin ons weer om onself aan te beveel? Of het ons miskien, soos sommige, aanbevelingsbriewe nodig aan julle of van julle? Julle is ons brief, geskrywe in ons harte, geken en gelees deur alle mense; omdat julle duidelik ‘n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart.’ (2 Kor 3:1-3) Ek het nie ‘n bewys, of ‘n aanbevelingsbrief nodig nie. Julle is die bewys dat ek die Evangelie suiwer verkondig. Die Heilige Gees het my na julle gestuur, want julle het tot bekering gekom. Julle het ‘n radikaal nuwe lewe tot eer van God begin.

“Maar moet my nie misverstaan nie, sê Paulus in verse 4 en 5: ‘So ‘n vertrouwe het ons deur Christus by God. Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God’.

“Ag, wat ‘n trooswoord. Hoe sit u vanaand hier, broer ouderling, bewus van u tekortkominge. Ag, ek is maar ‘n leek, sê u. Ek ken die Bybel so sleg. Ek is nie ‘n goeie spreker nie.

“Ek het simpatie met u. Dit is vreeslik om te ly aan ‘n mens se eie tekortkominge. Maar Paulus het net so gely. (1 Kor:2) Onthou u gisteraand? Daar het Paulus gesê hy sou nooit ‘n redenaarskompetisie gewen het nie. Dit was nie ‘n gewilde toespraak nie. Hy het inderdaad in vrees die Evangelie verkondig.

“Broers en Susters, God soek nie helde nie. Hy is self die Held. God het dit nie gelukkig getref met die knap teoloog Paulus nie. Inteendeel, Paulus die onbekwame het in die botter geval toe God hóm gekies het.

“Waar lê u en my bekwaamheid?

“Dit is ons troos: ‘ons bekwaamheid is uit God.’ (2 Kor 3:5) As u op Hom vertrou, sal u, u taak as ouderling,

diaken en gelowige kan vervul. Daarom sal u die besondere gawe wat die Heilige Gees aan u gegee het, tot nut van die gemeente kan gebruik.

“In watter diens het God die Apostels gestel? Paulus skryf: ‘... wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van ’n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.’ (2 Kor 3:6) Die ‘letter’ hier is die wet, wat teenoor die Gees gestel word. Die letter maak dood, maar die Gees lewend. Paulus is dus aangestel in die heerlike bediening van die Gees.

[Die ‘letter/wet’ verwys na die Tien Gebooie wat ons oortredings aan ons uitwys. Dit identifiseer ons sondes en kla ons eintlik aan. Hierteenoor bring die Heilige Gees die boodskap van Jesus Christus wat in ons plek vir ons oortredings betaal het, sodat ons nie meer daarvoor moet sterf nie, maar as verlostes vrygaan en lewe.]

“Sien u die geweldige kontras?

“In verse 13 tot 18 het die Apostel nog ’n teenstelling, maar nou nie meer tussen die wet en die Gees nie, maar tussen die sluier oor Moses se gesig en Christene wat met ontsluerde gesig voor God kan staan.

“Tot vandag toe lê die sluier oor Israel se gesig, sodat hulle nie die heerlikheid van God kan sien nie, omdat hulle Jesus Christus verwerp. Net Jesus kan die Jode leer wat die werklike betekenis van die wet is; en dat jy nie anders as deur die offer van Jesus Christus gered kan word nie.

“Weet ú dit al? Is die sluier oor u hart al wegge neem? Verstaan u die Evangelie? Het u, u lewe oorgegee aan Jesus Christus, sodat u nou uit dankbaarheid vir die Verlosser volgens die wet lewe? Dit is die Heilige Gees wat u vanaand wil oortuig van u verlossing; dat dit alleen in Christus Jesus lê en nie in die wet nie. Waar die Gees van God is, daar is daar vryheid. Net Jesus Christus kan hierdie sluier van ons gesig wegneem om die heerlikheid van die HERE te aanskou.

“En wat van die toekoms?

“Ons gaan verander word na die selfde beeld van heerlikheid tot heerlikheid. Paulus sê ons gaan nie net die heerlikheid ‘aanskou’ nie. Die Griekse woord vir ‘aanskou’ is weerkaats. Ons gaan hierdie heerlikheid wat altyd groter word, weerkaats en uitstraal.

“In die Ou Testament het net Moses se gesig geblink, (2 Kor 3:13) maar in die Nuwe Testament blink

elke Christen se gesig. Ja, nog meer. Nie net ons gesigte blink nie, maar ons word van gedaante verander na die beeld van God wat in Jesus Christus aan ons verskyn het. Ons gaan al meer soos Jesus lyk. Ons gaan soos Hy liefhê. Ons gaan mekaar verdra soos Hy dit doen. Ons gaan soos Hy aan mekaar barmhartigheid bewys.

“Gaan ons? Sal ons dit regkry? Sal die heerlijkheid nie by ons al dowwer word nie? Nee, Broers en Susters, Paulus skryf: ons word ‘van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid as deur die Here wat die Gees is.’ (2 Kor 3:18) Die Here Jesus wat deur die Heilige Gees in ons werk, gaan ons verander. Daarom sal u tot God se eer lewe. Die Gees is ons waarborg dat ons lewe heerliker sal word en ons aan Jesus gelyk sal wees by sy wederkoms. Dit is die heerlike bediening of werk van die Heilige Gees.

“Amen.”